

# WAT IS DIE DUS-KRITERIA?

**D**US staan vir **onderskeibaar** (*distinct*), **eenvormig** (*uniform*) en **stabiel** (*stable*). Om by die Nasionale Variëteitslys ingesluit te word, moet 'n saadvariëteit aan die DUS-kriteria (of -standaarde) voldoen.

- ❶ **Onderskeibaar** kom daarop neer dat 'n variëteit van alle ander variëteite moet *verskil*.
- ❷ **Eenvormig** kom daarop neer dat die variëteit – seisoen na seisoen – gewasse moet oplewer wat *dieselfde* lyk – dieselfde hoogte en kleur.
- ❸ **Stabiel** kom daarop neer dat die variëteit *nie sal verander* wanneer dit seisoen na seisoen aangeplant word *nie*.

Kleinboere plant egter saad wat *nie* onderskeibaar, eenvormig of stabiel is *nie*. Hulle het variëteite nodig wat só divers is dat hulle by plaaslike toestande en plaaslike markte kan aanpas. Derhalwe kan die variëteite wat deur hulle geproduseer word, *nie* aan die DUS-kriteria *voldoen nie*.

## HOE DUS-KRITERIA KLEINBOERE BEÏNVLOED

Die DUS-kriteria sal aanleiding gee tot saadvariëteite wat slegs geskik is vir 'n monokultuur (verbouing van 'n enkele gewas in 'n gegewe area) en wat duur agrochemikalieë vereis. Sulke praktyke is nie baie tegemoetkomend teenoor die meerderheid boere in Afrika nie, aangesien hulle kleinboere is wat diverse gewasse moet aanplant en nie duur bemestingstowwe kan bekostig nie.

Die DUS-kriteria het ten doel om saad van 'n spesifieke tipe aan industriële-skaal kommersiële boerderystelsels te voorsien, en in sulke hoeveelhede dat daardie saad die variëteite sal verswak wat oor geslagte heen deur kleinboere ontwikkel is.

**Daar word beraam dat ten minste 75% van die aarde se plantverskeidenheid daarmee heen is omdat boere oral in die wêreld hul variëteite vir eenvormige (d.w.s. DUS-variëteite) versaaak het.**

